# GRENDELTYD LES: Helde van die Bybel 1

Hierdie les kan oor twee aande gedoen word.

## 1. INLEIDING:

Ons gaan vanaand kyk na twee van die groot helde van die Bybel, Josua en Gideon.

Vraag: As julle die woord 'held' of hero hoor, wat kom by julle op?

Julle het braaf, nie bang nie, vreesloos, groot en sterk genoem, maar ek wil julle 'n groot geheim vertel, hierdie helde waarna ons vanaand gaan kyk was bang gewees, en het glad nie dapper gevoel nie. Ons gaan nou eers kyk hoe dapper julle is.

## 2. FEAR FACTOR

Besluit op 'n paar fear factor speletjies wat julle as gesin saam kan speel voordat julle met die les begin, hieronder is drie voorbeelde, maar julle kan julle eie kies.

**3.1** ***Voel toets***: elke persoon word geblinddoek en moet probeer om goed in 'n houer te identifiseer deur daaraan te vat. (/ versiersuiker, olywe, gekookte 2 min noodles, lensies, klapper, rubber insekte ens.)

**3.2** ***Happy meal***: 'n MacDonalds meal word 'geblend' en julle moet dit drink.

**3.3** ***Ystone:*** daar is 'n emmer met yswater en ysblokke in. Elke persoon kry 'n beurt om die albasters met hulle tone te probeer uithaal. Daar is 3 albasters per persoon in die water.

## 3. HELDE VAN DIE BYBEL

Van ons was baie braaf, en van ons het nie kans gesien vir hierdie challenges nie. Ek het netnou gesê dat vanaand se twee helde ook bang was, en glad nie braaf gevoel het nie. Die belangrikste wat ons egter uit hulle stories kan leer, is dat dit hulle nie gekeer het nie. Êrens tussen die bang het hulle besluit om God te vertrou, en God toegelaat om hulle te gebruik, en hoe het dit nie die geskiedenis verander nie!! Wanneer bang mense God vertrou en Hom toelaat om hulle te gebruik gebeur AWESOME dinge!!

### 3.1 Josua:

Kom ek vertel gou vinnig vir julle wie Josua was. Josua was Moses se regterhand/helper terwyl Moses die volk Israel deur die woestyn gelei het. Hy het al die groot wonderwerke gesien, en ook gesien  hoe God vir Moses gebruik het. Toe Moses dood is het Josua Moses se plek ingeneem . Ek kan net dink hoe bang hy moes gewees het, want behalwe vir al die ander goed wat ek nou genoem het, het hy ook geweet hoe dwars die volk kan trek as dinge nie vir hulle uitwerk nie.

Hoe weet ons dat hy bang was? God sê in Josua 1:9 vir hom: "Moenie skrik nie, moenie bang wees nie". En dan die rede hoekom Josua kon aangaan al was hy bang gewees: "want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan" Sy bangheid het hom nie gekeer om gebruik te word nie, dit het hom harder op God laat vertrou, PRESIES wat God wil hê elkeen van ons moet doen!

Kom ons leer 'n bietjie meer oor Josua en hoe hy die Israeliete gelei het. Hierdie is net klein stukkies uit sy lewe, om jou te laat sien hoe God bang mense kan gebruik.

**Ragab help die twee mans**

**(Hierdie verhaal word vertel met behulp van sakkies of boksies. Nommer die boksies/sakkies 1 tot 5. Maak seker dis groot genoeg om die items in te plaas wat by elke deel van die storie pas. Plaas al die sakkies/boksies op 'n tafel en soos jy die storie vertel, haal die item uit die ooreenkomstige sakkie.)**

Eendag sê God vir Josua: "Sien jy die land daar oorkant die rivier? Dit is Kanaän, die land wat Ek aan die Israeliete wil gee."

**(Sakkie 1 – haal 'n bril uit – die spioene moes gaan kyk hoe dit in Jerigo lyk)** Dit is 'n baie mooi land, maar Josua is versigtig. Hy weet daar woon slegte mense in Kanaän. Hy roep twee mans en sê: "Gaan na die stad Jerigo en kom sê vir my hoe dit daar lyk. Maar julle moet oppas. As hulle julle sien, sal hulle julle doodmaak."

**(Sakkie 2 – haal 'n klip uit om die muur te verteenwoordig)** Die mans gaan dadelik. Toe hulle naby Jerigo kom, sien hulle 'n hoë muur om die stad. Daar is 'n groot hek in die muur wat oop is. Baie mense loop by die hek in en uit en vinnig glip die twee mans in. Hulle loop deur die strate en kyk alles goed deur.

**(Sakkie 3 – haal 'n slot of 'n sleutel uit om te verteenwoordig die hek wat gesluit is.)** Maar toe word dit donker. En die hek word gesluit. "Waar sal ons slaapplek kry?" wonder die mans. Skielik sien hulle 'n huis in die muur. Dit is Ragab se huis. Sy sien hulle en sê: "Julle kan maar hier kom slaap."

**(Sakkie 4 – haal 'n speelgoed soldaat uit of 'n prentjie van 'n soldaat)** Maar toe hulle ingaan, sien die soldate hulle. "Gou!" sê Ragab. "Kruip op die dak weg." Een van die soldate vra: "Waar is die twee mans wat ons hier sien ingaan het?" Ragab wil die mans help en sê: "Hulle is weer weg. Ek weet nie waarheen nie. As julle gou maak, kan julle hulle dalk nog vang."

**(Sakkie 5 – haal 'n stuk rooi tou/gare/ wol uit)** Toe die soldate weg is, sê Ragab vir die mans: "Ek en my mense is baie bang vir julle. Ons het gehoor hoe God vir julle 'n pad deur die see gemaak het. En hoe Hy al die Egiptiese soldate en die koning laat verdrink het. Ek het julle nou gehelp. Belowe my julle sal my en my familie ook help as julle ons stad inneem."

Toe hulle moet gaan, help Ragab hulle weer. Sy bind 'n rooi tou aan die venster vas en hulle klim vinnig daarteen af. Nou is hulle veilig buite die muur.

"Hang hierdie tou by die venster uit as ons die stad inneem. Almal sal weet dit is jou huis en niks aan jou doen nie," roep hulle. So het God ook vir Ragab en haar familie gesorg.

Verhaal geneem uit Ons eie Kleuterbybel, bl51-52, Juliana Nothnagel, Johann Strauss

**Jerigo se mure val om**

Die mense van Jerigo was bang, want hulle het gehoor hoedat God die Israeliete uit Egipte gebring het deur baie wonderwerke en hoedat Hy vir veertig jaar lank vir hulle in die woestyn gesorg het.

Nou was die Israeliete reg om die beloofde land in te neem, en Jerigo was die eerste stad wat hulle wou aanval, daarom was die mense daar so bang.

God het die Israeliete presies gesê wat om te doen. Hulle moes net al om die stad loop, sonder om te veg. Saans moes hulle na hulle kamp toe teruggaan, en die volgende dag weer om die stad loop.

Dit het hulle ses dae lank gedoen. (Kom, ons gaan ook nou ses maal agter mekaar in hierdie vertrek stap. Amper soos die Israeliete gemaak het. Soos julle stap, vertel die res van die storie). Elke dag het die mense van Jerigo reggemaak vir oorlog, maar elke dag het die Israeliete weer teruggegaan na hulle kamp.

Op die sewende dag het die Isrealiete sewe maal om die stad geloop. Toe gaan hulle staan. Die priesters het op hulle ramshorings geblaas en die mense het hard begin skreeu. (Kom ons skree soos die Israeliete. Wat dink julle moet ons skree? Wat van ons skree: Jesus!)

Toe begin die mure van Jerigo wankel en val om. Die mense van Jerigo was nou so bang dat hulle begin weghardloop het, maar hulle kon nie wegkom nie. Die Israeliete het toe die stad ingeneem en alles daarin afgebrand.

Verhaal geneem uit Gunsteling Bybelverhale vir kinders, bl84-85, V. Gilbert Beers en
Ronald A. Beers

**Aktiwiteit:**

Gee vir elkeen ‘n a4 blaai. Julle kry die geleentheid om julle blaaie nou vol sonne, mane,sterre en wolke te teken. Terwyl julle teken, verduidelik dat dit deel uitmaak van iets wat met Josua gebeur het en moedig die ander aan om te raai wat dit moontlik kan wees.

Laat almal hulle kunswerke wys sodra hulle klaar is.

Die volgende deel van Josua se vehaal gaan oor iets wat gebeur het met die dag en die nag.
Kom ons luister.

Josua het vir een van die stede, Gibeon, gesê dat hy nooit teen hulle sal oorlog maak en hulle nie sal doodmaak nie.
Die koning van Jerusalem het gehoor dat die Israeliete die stad Jerigo gewen het, en wat Josua vir die mense van die stad Gibeon gesê het. Hy en sy mense het baie bang geword. Hy het toe vir vier ander konings laat weet: “Kom help my om teen Gibeon te veg, want hulle het ‘n ooreenkoms met Josua en die Israeliete gemaak.” Die vyf konings het toe besluit om teen Gibeon te gaan veg.

Die mense van Gibeon het vir Josua laat weet dat hulle hulp nodig het.

Josua het sy dapper vegters geneem en na hulle toe gegaan. Die Here het vir hom gesê: “Moenie vir hulle bang wees nie; Ek gee al hierdie konings aan jou oor.” Hulle sal nie sterk genoeg wees vir jou nie.”

Hulle trek toe in die nag op en val die konings aan. Die Here het die vyf konings bang laat word. Hulle het begin vlug en toe het die Here ook nog ‘n woeste haelstorm gestuur. Josua het gesien dat dit nou baie maklik is om die konings heeltemal weg te jaag en te wen, maar daar was nie genoeg tyd nie. As dit donker word, kan hulle nie sien waarheen almal vlug nie en dan kom van

die vyande weer terug. Josua het tot God gebid. Hy het regtig geglo dat die Here gaan help, daarom roep hy uit: “Son, staan stil! Maan, staan stil!” Dadelik het alles gaan stilstaan. Die son het halfpad in die hemel bly staan.

Hulle het die hele tyd geveg en gesien dat die son net op een plek bly vir ure en ure, amper so lank soos ‘n hele dag. Nog nooit voor dit of daarna het die Here so na ‘n mens geluister nie. Die Here het gesorg dat Josua hierdie oorlog wen.

## 3.2 Gideon

**Illustrasie:** Vou twee A4 blaaie om sillinders te vorm. Vou ook ‘n A4 blaai soos ‘n konsertina. Jy benodig ook ‘n gewone A4 blaai en ‘n leë sneesdoekie boks.

Kyk na prentjie nommer 4 om te sien hoe om die sillinders te plaas. Sit eers die ongevoude A4 blaai op die sillinders soos in prentjie 4. Plaas dan die sneesdoekie boks op die blaai. Die blaai sal meegee.

Daarna plaas jy die konsertina blaai soos in prentjie 5 op die sillinders en dan die sneesdoekie boks op die blaai. Dit sal die boks se gewig kan dra.

Sê vir die ander dat wat onmoontlik vir mense lyk, vir God moonlik is. Selfs om ‘n ‘army’ (weermag) van 120 000 te wen met 300 soldate soos wat ons nou gaan hoor.

Die volgende held is Gideon. Gideon was ‘n Rigter gewees. In die tyd van die Rigters was God self die volk Israel se koning gewees, hulle het nie mense konings gehad nie. Die volk het vir jare goed aangegaan en gedoen wat God gesê het, dan op ‘n dag het hulle weer ander gode, afgode, begin aanbid, en dan het God dit weer sleg met hulle laat gaan.

Wanneer DIT gebeur het, het God ‘n Rigter/leier gegee wat hulle dan, met God se hulp, gered het van hulle vyande. Gideon was een van die Rigters/leiers gewees. Daardie tyd was dit die Midianiete wat die Israeliete laat swaarkry het.

**Die storie van Gideon**

‘n Engel van die Here het gekom en naby ‘n jong man gaan sit wat besig was om koring uit te slaan. Hierdie jong man se naam was Gideon. Hy het in ‘n gat in die grond, waar hulle gewoonlik druiwe stukkend getrap het, met die koring gewerk, want hy was bang dat die Midianiete hom sou sien. Hy het dus weggekruip omdat hy bang was. Toe kom staan die engel van die Here voor Gideon en sê: “Die Here is by jou, dapper soldaat.” Dink julle Gideon was ‘n dapper soldaat? Nee, hy was eintlik bang. Hy antwoord: “Ag Meneer, as die Here by ons is, hoekom gaan dit so sleg met ons? Hoekom doen Hy nie meer sulke wonderwerke soos toe Hy ons oupas uit Egipte laat trek het nie? Hy is nie meer lief vir ons nie en het ons nou aan die Midianiete oorgegee.” Toe sê die Here vir hom: “Gaan jy en red die Israeliete. Gaan met die bietjie krag wat jy het. Ek stuur jou!”

Gideon het ‘n klomp verskonings gehad en wou allerhande tekens hê om seker te maak dis die Here wat hom stuur. Ek wonder watter verskonings sou jy gehad het as die Here vir jou so ‘n groot werk sou gee? (Gee kans vir elkeen om te reageer.)

Vir Gideon het dit beteken hy sou moes gaan oorlog maak. Sy verskonings was dat:

- Hy baie arm was;
- Hy nie belangrik was nie, nie eers in sy huisgesin nie. Hy het gedink hy is nie goed genoeg om hierdie groot werk te doen nie. Maar God het vir hom gesê hy hoef nie sterk, belangrik of ryk te wees nie. God is aan sy kant. Ek wonder of jy besef dat God aan jou kant is?

Die Midianiete en al die ander volke het weer uit die woestyn aangekom. Hulle het hulle tente in die vlakte by Jisreël kom opslaan. Maar die Heilige Gees het vir Gideon kom help. Gideon het op ‘n ram se gedroogde horing soos op ‘n trompet geblaas. Dit was die manier om mense bymekaar te roep vir oorlog. Hy het mense gestuur om al die Israeliete wat naby hom gewoon het om hulle ook te roep om te kom oorlog maak.

Toe sê Gideon vir die Here: “Here, wys my as U regtig wil hê ek moet teen hierdie volke gaan veg. Ek sal ‘n skapie se vel buite neersit. As dit vannag net op die vel dou, dan sal ek weet U wil my gebruik om die Israeliete te red. Ek sal sien as die velletjie nat is en die grond rondom droog.”

Dit was toe so: Die volgende oggend was die velletjie se wol sopnat. Gideon het dit uitgedroog en daar het ‘n skottel vol water uitgekom. Maar die grond rondom die vel was droog. Toe sê Gideon: “Moet asseblief nie kwaad word nie, Here. Laat ek nog een toets doen. Laat dit vannag oral rondom die velletjie dou, maar laat die velletjie self droog wees. Daardie nag het die Here dit toe so laat gebeur. Die velletjie was kurkdroog en die grond was sopnat. Toe weet Gideon: “Dit regtig die Here wat my stuur.”

Hy het soveel as moontlik soldate bymekaargemaak om saam met hom te gaan, maar God wou hê hulle moes op Hom vertrou en nie op hul eie krag nie. Eers het hy almal teruggestuur wat bang was en net 10 000 soldate het oorgebly.

“Daar is nog te veel,” het God gesê. “Vat hulle na die rivier toe om water te drink. Dan sal Ek vir jou sê watter jy moet hou.”

Party van die mans het langs die water gekniel om te drink. “Stuur hulle huis toe,” het God gesê. Nou was daar nog net 300 soldate oor. Hulle was dié wat water met hulle hande opgeskep en dit opgelek het.

Een aand gee Gideon toe vir elk van die 300 mans ‘n ramshoring, ‘n kruik en ‘n fakkel. Die soldate het toe hulle brandende fakkels met die kruike toegehou en tot naby die vyand se kamp gegaan.

Toe Gideon die teken gee, het hulle op die ramshorings geblaas en die kruike gebreek. Die geraas het die Midianiete so laat skrik dat hulle almal weggehardloop het. So het God vir Gideon gehelp om ‘n leer van 120 000 te verslaan met net 300 dapper soldate. Gideon en sy soldate het geweet dat die Here hulle gehelp het, en ons weet dit ook.

Hoe weet ons dat Gideon bang was? Toe die Engel van die Here by hom kom om vir hom te sê wat hy moet doen het die Engel hom gegroet met die woorde “Die Here is by jou, dapper man!.” Gideon het toe vir hom ‘n lang lys goed opgenoem van waarom hy NIE dapper is nie. Maar soos met Josua het God aan hom gewys dat Hy by hom is, en hom gaan help, en DIT het hom dapper gemaak om te doen wat God van hom gevra het!

**Illustrasie: Gideon**

**Idee gevind by:**
[https://betterbibleteachers.com/2018/01/sunday-school-object-lesson-on-gods-power-from-the-story-of-gideon/](https://betterbibleteachers.com/2018/01/sunday-school-object-lesson-on-gods-power-from-the-story-of-gideon/)

